## MINIMUM STANDAARDE TOV OPGRADERING VANAF MIng na PhD

1. OPGRADERING TYDENS NORMALE MAGISTER EVALUASIEPROSES
   1.1. Die studieleier(s) is van mening dat die tesis, wat voorgelê gaan word vir evaluering, só 'n mate van oorspronklikheid toon dat die registrasie van die kandidaat potensieel opgegradeer kan word na PhD.
   1.2. Die studieleier versoek die Nagraadse Koördineerder om in die dekkingsbrief, wat die tesis vergesel na die eksaminatore, pertinent te vra dat hulle, nadat hulle die tesis soos normaal beoordeel het, ook oor die moontlikheid van opgradering na PhD moet besin.
   1.3. Na afloop van die mondeling besin die Nagraadse Koördineerder, in konsultasie met al die eksaminatore en die studieleier(s), oor 'n finale punt en die wenslikheid van opgradering na PhD.
   1.4. Indien besluit word dat opgradering NIE AANGEWESE is nie, word die normale M-evalueringsproses voortgesit.
   1.5. Indien besluit word dat die opgradering WEL AANGEWESE is, word die kandidaat versoek om 'n formele navorsingsvoorstel voor te berei, soos wat verwag word van doktorale studente wat reeds sonder navorsingsonderwerp geregistreer is. Die navorsingsvoorstel sal tipies die M-tesis as basis gebruik en telkens daarna verwys.
   1.6. 'n Bestuursopsomming (maksimum van 600 woorde) moet saam met die navorsingsvoorstel deur die student voorberei word. Hierdie dokument moet slegs die volgende inligting bevat:
      1.6.1. Die titel van die navorsingsprojek.
      1.6.2. Naam van die student.
      1.6.3. Naam van die promotor(s).
      1.6.4. 'n Kort omskrywing, en die doelwitte, van die navorsingsprojek.
      1.6.5. Die voorsiene unieke navorsingsbydrae(s) van die studie.
      1.6.6. 'n Breë tydskedulering vir die studie, tipies in terme van 4 tot 10 aktiwiteite.
   1.7. Die navorsingsvoorstel en die Bestuursopsomming, tesame met die M-tesis en die voorgeskrewe PhD aansoekvorm, dien nou by die departementele Toelatingskomitee, soos die geval is met doktorale studente wat reeds sonder navorsingsonderwerp geregistreer is.
   1.8. Aangesien die kandidaat se tesis wel formeel deur die eksaminatore geëvalueer is, en 'n mondelinge eksamen afgelê is, kan die departementele Toelatingskomitee outonoom besluit of die opgradering aanbeveel word.
   1.9. Die aanbevelingsvorm *(Kandidatuurpaneel Aanbeveling - PhD Registrasie.pdf)* en Bestuursopsomming dien by die Fakulteitskomitee vir goedkeuring.
   1.10. Indien 'n student, na konsultasie met die promotor, na 'n tyd sou besluit om nie meer voort te gaan met doktorale studies nie, kan die registrasie, met toestemming van die departementele Toelatingskomitee en die Fakulteitskomitee, verander word na 'n M-registrasie. Die finale punt wat tydens die M-evalueringsproses bepaal is, is steeds geldig.

2. OPGRADERING OP AANBEVELING VAN STUDIELEIER(S)
   2.1. Die studieleier(s) kom gedurende die verloop van die kandidaat se M-studies tot die besef dat die navorsing só 'n mate van oorspronklikheid toon dat die registrasie potensieel opgegradeer kan word na doktorale studies.

2.2. Die studieleier(s) versoek die kandidaat om 'n formele navorsingsvoorstel voor te berei, soos wat verwag word van doktorale studente wat reeds sonder navorsingsonderwerp geregistreer is, en met voldoening aan die vereistes gestel in die *US Jaarboek - Deel 1.*

2.3. 'n Bestuursopsomming (maksimum van 600 woorde) moet saam met die navorsingsvoorstel deur die student voorberei word. Hierdie dokument moet slegs die volgende inligting bevat:

  2.3.1. Die titel van die navorsingsprojek.
  2.3.2. Naam van die student.
  2.3.3. Naam van die promotor(s).
  2.3.4. 'n Kort omskrywing, en die doelwitte, van die navorsingsprojek.
  2.3.5. Die voorsiene unieke navorsingsbydrae(s) van die studie.
  2.3.6. 'n Breë tydskedulering vir die studie, tipies in terme van 4 tot 10 aktiwiteite.

2.4. Die navorsingsvoorstel, Bestuursopsomming, saam met die voorgeskrewe PhD aansoekvorm, dien nou by die departementele Toelatingskomitee, soos die geval is met doktorale studente wat reeds sonder navorsingsonderwerp geregistreer is.

2.5. Die Toelatingskomitee stel 'n Kandidatuurpaneel aan wat bestaan uit die voorgestelde promotor(s) en ten minste twee kundige persone, waarvan een van buite die tuisdepartement moet kom. Die Visedekaan: Navorsing moet die voorgestelde Kandidatuurpaneel goedkeur.

2.6. Die Kandidatuurpaneel beoordeel die navorsingsvoorstel en, na afloop van 'n verpligte mondelinge voordrag en evaluering van die kandidaat, word daar oor 'n finale aanbeveling besluit. Dit staan die Kandidatuurpaneel vry om die kandidaat te versoek dat die navorsingsvoorstel verbeter word en vir heroorweging voorgelê word.

2.7. Die Kandidatuurpaneel se aanbeveling word deurgegee aan die departementele Toelatingskomitee.

2.8. Indien die opgradering aanbeveel word, word die navorsingsvoorstel, Bestuursopsomming en voorgeskrewe PhD aansoekvorm soortgelyk hanteer soos vir doktorale studente wat reeds sonder navorsingsonderwerp geregistreer is. Slegs die aanbevelingsvorm *(Kandidatuurpaneel Aanbeveling - PhD Registrasie.pdf*) en Bestuursopsomming dien by die Fakulteitskomitee vir goedkeuring.

2.9. Indien 'n student, na konsultasie met die promotor, na 'n tyd sou besluit om nie meer voort te gaan met doktorale studies nie, kan die registrasie, met toestemming van die departementele Toelatingskomitee en die Fakulteitskomitee, verander word na 'n M-- - registrasie.

2.10. Indien die opgradering NIE aanbeveel word NIE, gaan die kandidaat voort met sy/haar M-studies.